"akkreditasie-ooreenkoms" die ooreenkoms aangegaan tussen die Akkreditasie-owerheid en 'n waarmerkingsdiensverskaffer as deel van die akkreditasie van die waarmerkingsprodukte of -dienste gelewer deur daardie diensverskaffer;

"sertifiseringspraktykstaat" 'n staat uitgereik deur 'n sertifiseringsdiensverskaffer om die praktyke te spesifiseer wat die verskaffer gebruik om sertifikate voort te bring en uit te reik;

"sertifikaatbeleid" 'n genoemde stel reëls wat die toepaslikheid van 'n sertifikaat op 'n sekere gemeenskap of aanwendingsklas aandui, of op beide so 'n gemeenskap en so 'n klas, na gelang van die geval, met gemeenskaplike sekerheidsvereistes;

"konstitutiewe dokumente" beteken, in die geval van (a) 'n regspersoon, gewaarmerkte afskrifte van die akte van oprigting en statute, inkorporasiesertifikaat, stigtingsverklaring, vennootskapsooreenkoms of trustakte, na gelang van die geval; (b) 'n natuurlike persoon, sy of haar ID-dokument of paspoort;

"evalueerder" 'n onafhanklike ouditeursfirma soos bedoel in artikel 36(1)(c) van die Wet;

"ITU X.509" aanbeveling X. 509 van die Internasionale Telekommunikasie-unie ten opsigte van inligtingstegnologie, verbindings tussen oop stelsels, die gids-, openbaresleutel- en attribuutsertifikaatraamwerke;

"steungrens" die monetêre grens gespesifiseer vir steun op 'n gevorderde elektroniese handtekening;

"SABS/ISO 17799" 'n gebruikskode vir Inligtingsekerheidsbestuur wat deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde as nasionale standaard aanvaar word – SABS ISO/IEC 17799;

"handtekeningskeppingsdata" unieke data, soos kodes of private kriptografiese sleutels, wat deur die ondertekenaar in die sertifikaat gemeld gebruik word om 'n elektroniese handtekening te skep;

“handtekening bekragtigingsdata” data soos kodes of openbare kriptografiese sleutels, wat gebruik word vir doeleindes van verifiëring van elektroniese handtekening;

"opskort", met betrekking tot 'n sertifikaat, om die geldigheidstydperk van 'n sertifikaat vanaf 'n bepaalde tydstip tydelik op te skort;

"die Wet" die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies, 2002 (Wet nr. 25 van 2002);

"betroubare stelsel" rekenaarhardeware, sagtewarestelsels en prosedures wat voldoen aan die vereistes gestel in artikel 38(3) van die Wet;

"intrek", met betrekking tot 'n sertifikaat, die beëindiging van die geldigheidstydperk van 'n sertifikaat vir 'n spesifieke tyd.

HOOFSTUK I
Administrasie

Administrasie

2 (1) Hierdie Regulasies word deur die Akkreditasie-owerheid geadministreer.

(2) Die Akkreditasie-owerheid doen kwartaalliks aan die Minister verslag van sy werksaamhede.

Riglyne

3. Die Akkreditasie-owerheid kan riglyne, aanwysings of praktyknotas uitreik rakende sy administrasie van alle aangeleenthede wat ingevolge die Wet en hierdie Regulasies gedoen moet word.

Databasis

4. Die databasis bedoel in artikel 36(2) van die Wet moet ten minste die volgende bevat:

(a) die onderstaande besonderhede van elke waarmerkingsdiensverskaffer wie se waarmerkingsprodukte of -dienste geakkrediteer is:

(i) Die naam van die waarmerkingsdiensverskaffer;

(ii) die name sowel as die tegniese beskrywing van die geakkrediteerde waarmerkingsprodukte en -dienste volgens tipe, klas of ander beskrywing;

(iii) die besigheidsadres, telefoonnommer, webwerfadres, e-posadres en faksimileenommer van die waarmerkingsdiensverskaffer se kliëntediensdepartement; en

(iv) die identifikasienommer en webwerfruimte van die waarmerkingsdiensverskaffer se bewaarplek;

(b) 'n beskrywing van die akkreditasieproses en -vereistes, die funksies en dienste deur die Akkreditasie-owerheid aangebied;

(c) die klagteprosedures vir gebruikers van geakkrediteerde waarmerkingsprodukte en -dienste; en

(d) die kontakbesonderhede van die Akkreditasie-owerheid.

HOOFSTUK II
Aansoek om akkreditasie

Akkreditasie

5. Op aanvraag van 'n waarmerkingsdiensverskaffer kan die Akkreditasie-owerheid na voldoening aan die vereistes van die Wet en hierdie Regulasies, waarmerkingsprodukte of -dienste as gevorderde elektroniese handtekeninge akkrediteer.

Wyse van aansoek om akkreditasie

6. 'n Aansoek om akkreditasie ingevolge die Wet moet by die Akkreditasie-owerheid ingedien word op die wyse voorgeskryf deur die Akkreditasie-owerheid, en moet gestaaf word deur die inligting in Regulasie 7 en vergesel gaan van die nie-terugbetaalbare geld bepaal in Regulasie 29(1).

Voorgeskrewe inligting

7. 'n Aansoek om akkreditasie moet gestaaf word deur –

(a) die konstitutiewe dokumente van die aansoeker;

(b) indien die aansoeker 'n sertifiseringsdiensverskaffer is, 'n afskrif van sy sertifiseringspraktykstaat en sertifiseringsbeleid, opgestel ooreenkomstig 'Internet X.509 Public Key Infrastructure, Certificate Policy and Certification Practices Framework', asook 'n onderneming dat hy aan die vereistes van sy sertifiseringspraktykstaat en sertifiseringsbeleid kan en sal voldoen;

(c) 'n verklaring –

(i) met besonderhede van prosedures rakende die identifikasie en waarmerking van gebruikers van daardie waarmerkingsprodukte of -dienste, insluitend identifikasie van aangesig tot aangesig;

(ii) met besonderhede van die wyse waarop die aansoeker se waarmerkingsprodukte of -dienste voldoen aan elke bepaling van artikel 38(a), (b), (c), (d), en (e) van die Wet;

(iii) waarin die wyse aangespreek word waarop die aansoeker aan die vereistes neergelê in die Wet en in hierdie Regulasies sal voldoen;

(iv) met besonderhede van die wyse waarop inligting aangaande die aansoeker se waarmerkingsprodukte of -dienste asook die voorwaardes waarop daardie produkte of dienste aangebied of gebruik kan word, en hoe dit aan die algemene publiek en aan gebruikers van daardie waarmerkingsprodukte of –dienste beskikbaar gestel sal word;

(v) met besonderhede van die naamgewingskonvensies wat die aansoeker gaan gebruik, asook die wyse waarop die aansoeker naameienaarskap, naamgeskille en naambesluite sal hanteer; en

(vi) wat aandui hoe die aansoeker die beskikbaarheid van inligting aan derde partye wat op die waarmerkingsproduk of -diens staatmaak, sal verseker;

(d) volle besonderhede van aktiwiteite wat uitbestee is of sal word;

(e) die aansoeker se geouditeerde finansiële state vir die tydperk van drie jaar of minder, indien van toepassing, wat die aansoek onmiddellik voorafgaan;

(f) algemene tegniese spesifikasies van die aansoeker se harde- en sagtewarestelsels, sekerheidsbeleid, standaarde waaraan dit voldoen en beskikbare infrastruktuur asook die ligging van sy fasiliteite;

(g) die privaatheids- en sekerheidsbeleid wat die aansoeker in sy aktiwiteite sal volg;

(h) 'n organisasiekaart en die besonderhede en bevoegdhede van al die aansoeker se vertroude personeel;

(i) 'n staat van die aansoeker se –

(i) menslikehulpbronplan;

(ii) prosedures vir die verwerking van waarmerkingsprodukte en -dienste; en

(iii) oudits, meer spesifiek die gereeldheid en omvang van die aansoeker se oudits;

(j) gedetailleerde profiele van die aansoeker se direkteure, bestuur en vertroude personeel;

(k) 'n onderneming van die aansoeker dat hy die goedgekeurde evalueerder wat deur die Akkreditasie-owerheid aangestel is om 'n oudit uit te voer, teen die redelike tarief sal betaal wat deur 'n evalueerder in die omstandighede gehef word;

(l) 'n beskrywing van enige gebeurtenis, veral bankrotskap, wat die aansoeker se vermoë om as 'n waarmerkingsdiensverskaffer te funksioneer, wesenlik sou kan raak;

(m) 'n onderneming van die aansoeker om 'n prestasiewaarborg te gee en die jaarlikse akkreditasiegeld voorgeskryf in regulasie 29(1)(b) binne 30 dae na akkreditasie te betaal;

(n) bewys van voldoende versekeringsdekking gegrond op steungrense of ander aanvaarbare kriteria; en

(o) 'n staat van die mate van toeganklikheid van die aansoeker se fasiliteite vir die algemene publiek of die aansoeker se voornemende intekenaars.

Indiening van aansoeke

8 **(1)** Aansoeke om akkreditering moet per hand by die Akkreditasie-owerheid ingedien word.

(2) 'n Aansoek wat nie van al die voorgeskrewe inligting en gelde vergesel word nie, sal nie verwerk word nie.

(3) Aansoeke moet persoonlik by 'n aangewese beampte van die Akkreditasie-owerheid ingedien word.

Verwerking van aansoeke

9 **(1)** Die Akkreditasie-owerheid moet alle aansoeke om akkreditasie verwerk binne 45 dae na ontvangs van die laaste inligting wat ingevolge Regulasie 7 vereis word, maar kan hierdie tydperk in omstandighede buite sy beheer en om redes wat op skrif gestel moet word met hoogstens 45 werksdae verleng.

(2) Die Akkreditasie-owerheid moet 'n inspeksie of evaluering, na gelang van die geval, van die aansoeker en sy waarmerkingsprodukte of -dienste laat uitvoer kragtens die Wet en hierdie Regulasies.

Verlening van akkreditasie

10 **(1)** Indien die Akkreditasie-owerheid oortuig is dat die aansoeker aan sy akkreditasiekriteria voldoen het, moet die Akkreditasie-owerheid –

(a) sy besluit skriftelik aan die aansoeker meedeel;

(b) die aansoeker in kennis stel van enige beperking of voorwaarde verbonde aan die verlening van akkreditasie;

(c) die aansoeker in kennis stel van die datum waarop die akkreditasie van krag word;

(d) die aansoeker versoek om die voorgeskrewe jaarlikse intekengeld te betaal en die prestasiewaarborg binne 30 dae na akkreditasie in te dien;

(e) by betaling van alle verskuldigde gelde, 'n akkreditasiesertifikaat uitreik vir elke waarmerkingsproduk of -diens wat geakkrediteer is, met vermelding van enige beperking op of ander voorwaarde van akkreditasie; en

(f) die waarmerkingsdiensverskaffer in kennis stel dat akkreditasie onderhewig is aan die sluiting van 'n akkreditasie-ooreenkoms deur alle partye.

(2) 'n Waarmerkingsdiensverskaffer sal onderhewig wees aan periodieke oudits soos van tyd tot tyd deur die Akkreditasie-owerheid bepaal word.

(3) Geen waarmerkingsdiensverskaffer mag waarmerkingsprodukte of -dienste as waarmerkingsprodukte of -dienste verskaf nie tensy 'n akkreditasiesertifikaat deur die Akkreditasie-owerheid vir elke waarmerkingsproduk of -diens aan hom uitgereik is nie.

(4) 'n Waarmerkingsdiensverskaffer wie se waarmerkingsprodukte of -dienste geakkrediteer is, kan sommige of al sy werksaamhede uitbestee of agente of kontrakteurs daarvoor aanstel, met dien verstande dat –

(a) die Akkreditasie-owerheid skriftelik daarvan verwittig is;

(b) die agent of kontrakteur, na gelang van die geval, deur die Akkreditasie-owerheid vir die doeleindes van die spesifieke waarmerkingsproduk of -diens geouditeer is, waarvan die koste ten volle deur die waarmerkingsdiensverskaffer of deur sy of haar agent of kontrakteur gedra moet word;

(c) die Akkreditasie-owerheid die aanstelling van hierdie agente of kontrakteurs skriftelik moet goedkeur;

(d) hierdie agente of kontrakteurs eweneens aan die Wet, hierdie Regulasies en die akkreditasie-ooreenkoms wat geld vir die verskaffer van die waarmerkingsproduk of -dienste wat geakkrediteer is, moet voldoen; en

(e) die waarmerkingsdiensverskaffer verantwoordelik bly vir die werksaamhede van agente of kontrakteurs in hul uitvoering van die waarmerkingsdiensverskaffer se funksies.

Publikasie van akkreditasie

11. Die Akkreditasie-owerheid moet besonderhede van geakkrediteerde verskaffers van waarmerkingsprodukte en -dienste in 'n databasis wat toeganklik is vir die publiek en in enige ander medium wat hy as geskik beskou, publiseer.

Afkeuring van aansoek om akkreditasie

12. Die Akkreditasie-owerheid kan weier om 'n waarmerkingsproduk of -diens te akkrediteer indien –

(a) die aansoeker die Akkreditasie-owerheid nie van die inligting wat in Regulasie 7 bepaal word, voorsien het nie of indien die inligting nie van 'n bevredigende standaard of gehalte is nie;

(b) die aansoeker nie in die posisie is om aan die Wet of hierdie Regulasies te voldoen nie;

(c) 'n aansoeker versuim om aan enige aanwysing of vereiste van die Akkreditasie-owerheid te voldoen;

(d) 'n waarmerkingsdiensverskaffer versuim om 'n oudit te ondergaan of om in ooreenstemming met 'n oudit, inspeksie of evaluering op te tree; of

(e) daar enige ander geldige rede bestaan om akkreditering te weier;

met dien verstande dat die Akkreditasie-owerheid 'n aansoeker die geleentheid kan gee om 'n skriftelike voorlegging te doen met betrekking tot die redes waarom akkreditasie geweier is, en 'n aansoeker die geleentheid kan gee om te voldoen aan enige vereiste wat die aansoeker se waarmerkingsproduk of -diens akkrediteerbaar sal maak binne 'n tydperk van 30 dae nadat die Akkreditasie-owerheid sy redes vir die weiering van akkreditasie aan die aansoeker voorsien het.

HOOFSTUK III
Vereistes vir sertifiseringsdiensverskaffers

Tegniese en ander vereistes waaraan sertifikate moet voldoen

13. Alle sertifikate wat deur 'n akkreditasiediensverskaffer uitgereik word moet, indien dit deur die Akkreditasie-owerheid geakkrediteer is, aan die hoogste

gevestigde internasionale standaarde voldoen, insluitend maar nie beperk nie tot die ITU X.509-standaard, en moet onder andere die volgende data bevat:

(a) die reeksnommer van die sertifikaat wat dit van ander sertifikate onderskei;

(b) die handtekeningsalgoritme-identifiseerder wat die algoritme identifiseer wat die sertifiseringsdiensverskaffer gebruik om die sertifikaat te teken;

(c) die uitreiker se naam, synde die naam van die sertifiseringsdiensverskaffer wat die sertifikaat uitgereik het;

(d) die geldigheidstydperk van die sertifikaat, synde die begin en die einde van die geldigheidstydperk van die sertifikaat;

(e) die naam of skuilnaam van die intekenaar wie se openbare sleutel deur die sertifikaat geïdentifiseer word;

(f) inligting oor die intekenaar se openbare sleutel; en

(g) bevestiging dat dit 'n sertifikaat is wat deur die Akkreditasie-owerheid geakkrediteer is.

Vereistes vir die uitreiking van sertifikate

14 **(1)** 'n Sertifiseringsdiensverskaffer moet die identiteit van 'n persoon of persone wat aansoek om 'n sertifikaat doen, op betroubare wyse bepaal, wat identifikasie van die gebruiker of gemagtigde sleutelhouer van aangesig tot aangesig moet insluit.

(2) 'n Sertifiseringsdiensverskaffer mag 'n sertifikaat slegs aan 'n voornemende intekenaar uitreik nadat eersgenoemde –

(a) 'n versoek om uitreiking van die voornemende intekenaar ontvang het; en

(b) al die praktyke en prosedures nagekom het wat in sy sertifiseringspraktykstaat en sertifikaatbeleid uiteengesit is, insluitend prosedures vir die identifikasie van die voornemende intekenaar van aangesig tot aangesig.

(3) Deur 'n sertifikaat uit te reik word die sertifiseringsdiensverskaffer geag om aan enige persoon wat redelikerwys staatmaak op die sertifikaat of op 'n gevorderde elektroniese handtekening wat geverifieer kan word deur middel van die openbare sleutel wat op die sertifikaat aangetoon word, voor te hou dat die sertifiseringsdiensverskaffer die sertifikaat uitgereik het in ooreenstemming met sy sertifiseringspraktykstaat en sertifikaatbeleid wat deur verwysing by die sertifikaat ingelyf is.

(4) Waar 'n sertifiseringspraktykstaat en sertifikaatbeleid deur verwysing by 'n sertifikaat ingelyf is, is die volgende bepalings van toepassing in so verre die voorstellings nie onbestaanbaar met die sertifiseringspraktykstaat en sertifikaatbeleid is nie:

(a) Die sertifiseringsdiensverskaffer het by die uitreiking van die sertifikaat aan al die toepaslike vereistes van die Wet, hierdie Regulasies en die akkreditasie-ooreenkoms voldoen, en indien die sertifiseringsdiensverskaffer die sertifikaat gepubliseer of op 'n ander wyse die sertifikaat aan 'n persoon beskikbaar gestel het wat daarop staatmaak, dat die intekenaar wat in die sertifikaat genoem word, dit aanvaar het;

(b) die intekenaar wat in die sertifikaat geïdentifiseer is, hou die private sleutel wat ooreenstem met die openbare sleutel wat in die sertifikaat genoem word;

(c) die intekenaar se openbare sleutel en private sleutel vorm 'n werkende sleutelpaar;

(d) alle inligting in die sertifikaat is akkuraat, tensy die sertifiseringsdiensverskaffer in die sertifikaat gemeld of deur verwysing 'n verklaring in die sertifikaat ingelyf het dat die akkuraatheid van die gespesifiseerde inligting nie bevestig word nie; en

(e) die sertifiseringsdiensverskaffer dra geen kennis van enige wesenlike feit wat, as dit in die sertifikaat ingesluit sou wees, die betroubaarheid van die voorstellings in subparagrawe (a), (b), (c) en (d) sou aantas nie.

Vereistes vir sertifiseringspraktykstate

15 (1) Sertifiseringsdiensverskaffers wie se waarmerkingsprodukte of -dienste geakkrediteer is, moet 'n sertifiseringspraktykstaat en sertifikaatbeleid vir geakkrediteerde waarmerkingsproduk of -diens van elke tipe, klas of beskrywing uitreik en opvallend openbaar beskikbaar stel op die wyse en in die formaat wat deur die Akkreditasie-owerheid bepaal word.

(2) 'n Sertifiseringsdiensverskaffer wie se waarmerkingsprodukte of -dienste geakkrediteer is, moet –

(a) 'n gewaarmerkte afskrif van elke sertifiseringspraktykstaat en sertifikaatbeleid wat vir geakkrediteerde waarmerkingsprodukte en -dienste gebruik word, by die Akkreditasie-owerheid indien;

(b) voordat hy enige wesenlike verandering aan sodanige sertifiseringspraktykstaat en sertifikaatbeleid aanbring, insluitend veranderings –

(i) in die identifikasieproses wat die betroubaarheid van sertifikate verminder;

(ii) aan die steungrens van die sertifikate; of

(iii) in die voortbring, berging of gebruik van sleutels;

met die Akkreditasie-owerheid oorleg pleeg;

(c) die Akkreditasie-owerheid, sy intekenaars en staatmakende partye deur publikasie op sy webwerf verwittig van enige voorval wat die geldigheid van 'n sertifiseringspraktykstaat en sertifikaatbeleid wat reeds by die Akkreditasie-owerheid ingedien is, in sy geheel of gedeeltelik nadelig of wesenlik raak of kan raak;

(d) sy sertifiseringspraktykstaat en sertifikaatbeleid nakom wanneer hy geakkrediteerde sertifikate van 'n tipe, klas of beskrywing uitreik;

(e) alle koste en gelde deur intekenaars en staatmakende partye betaalbaar ten opsigte van die uitreiking, intrekking, opskorting, herwinning of verifiëring van die status van 'n geakkrediteerde sertifikaat van elke tipe, klas of beskrywing deur hom uitgereik, duidelik aantoon.

(3) 'n Sertifiseringsdiensverskaffer moet die volgende dokumente gebruik om 'n intekenaar of aansoeker om 'n sertifikaat of 'n ander waarmerkingsertifikaat of -diens te identifiseer en te waarmerk tydens aanvanklike registrasie, roetine hersleuteling, hersleuteling na intrekking en wanneer opskortings- of intrekkingsversoeke verwerk word:

(a) Waar die intekenaar of aansoeker 'n natuurlike persoon is, 'n kombinasie van die oorspronklike eksemplare van 'n –

(i) nasionale identiteitsdokument;

(ii) paspoort; of

(iii) lopende, geldig geakkrediteerde sertifikaat slegs vir gebruik as identiteit vir die hernuwing van 'n sertifikaat;

(b) waar die intekenaar of aansoeker 'n vennootskap is, die konstitutiewe dokumente van die vennootskap asook die dokumente waarna in paragraaf (a) verwys word ten opsigte van elke vennoot van die vennootskap, insluitend die gemagtigde sleutelhouer;

(c) waar die intekenaar of aansoeker 'n maatskappy, beslote korporasie, trust of ander regsliggaam is, 'n kombinasie van gewaarmerkte afskrifte van –

(i) die betrokke konstitutiewe dokumente;

(ii) die aansoeker se jongste geouditeerde finansiële state;

(iii) 'n besluit of volmag van die direkteure wat 'n spesifieke persoon magtig om aansoek te doen om of om andersins te handel met 'n spesifieke sertifiseringsdiensverskaffer met betrekking tot die uitreiking, hernuwing of vervanging van sertifikate;

(iv) die dokumente waarna in paragraaf (a) verwys word van die direkteure, lede of trustees van die aansoeker en die gemagtigde sleutelhouer, tesame met 'n besluit wat die verteenwoordiger as die gemagtigde sleutelhouer aanstel.

Pligte van intekenaars

16. 'n Sertifiseringsdiensverskaffer is verantwoordelik om toe te sien dat sy intekenaars aan die volgende voldoen:

(a) As die intekenaar wie se openbare sleutel in 'n sertifikaat gemeld staan te word wat deur die sertifiseringsdiensverskaffer uitgereik en deur die aansoeker aanvaar staan te word die sleutelpaar voortbring, moet die intekenaar hierdie sleutel met behulp van 'n betroubare stelsel voortbring;

(b) alle wesenlike voorstellings wat die intekenaar op 'n sertifiseringsdiens maak om 'n sertifikaat te bekom, insluitend alle inligting wat aan die intekenaar bekend is en in die sertifikaat weergegee word, moet na die beste van sy wete en oortuiging akkuraat en volledig wees, ongeag of sulke voorstellings deur die sertifiseringsdiensverskaffer bevestig word;

(c) 'n sertifikaat word geag deur die te intekenaar aanvaar te wees as hy of sy –

(i) die sertifikaat in 'n bewaarplek publiseer of dit vir gebruik aan 'n derde party beskikbaar maak;

(ii) op 'n ander wyse goedkeuring van 'n sertifikaat toon terwyl hy of sy die inhoud ken of daarvan bewus is;

(d) deur 'n sertifikaat wat deur 'n sertifiseringsdiensverskaffer uitgereik is, te aanvaar, sertifiseer die intekenaar wat in die sertifikaat genoem word teenoor almal wat redelikerwys op die inligting in die sertifikaat vervat staatmaak dat –

(i) die intekenaar regmatig die private sleutel hou wat ooreenstem met die openbare sleutel wat in die sertifikaat gemeld word;

(ii) alle voorstellings wat deur die intekenaar aan die verskaffer van die sertifiseringsdiens gemaak is en wesenlik is met betrekking tot die inligting wat in die sertifikaat verstrek word, waar is; en

(iii) alle inligting waarvan die intekenaar kennis dra, waar is;

(e) deur 'n sertifikaat wat deur 'n sertifiseringsdiensverskaffer uitgereik is te aanvaar, aanvaar die intekenaar wat in die sertifikaat geïdentifiseer is 'n plig om redelike sorg te dra om beheer te behou oor die private sleutel wat ooreenstem met die openbare sleutel wat in die sertifikaat gemeld word en om die bekendmaking daarvan aan 'n persoon wat nie gemagtig is om die intekenaar se gevorderde elektroniese handtekening te skep nie, te voorkom,

en hierdie plig sal voortduur solank die sertifikaat geldig is en tydens enige tydperk van opskorting van die sertifikaat;

(f) 'n intekenaar wat 'n sertifikaat aanvaar het moet, indien die private sleutel wat ooreenstem met die openbare sleutel wat in die sertifikaat vermeld is, gekompromitteer is, so gou moontlik die uitreikende sertifiseringsdiensverskaffer versoek om die sertifikaat en die bewys van eienaarskap in te trek of op te skort.

Verantwoordelikhede van sertifiseringsdiensverskaffers

17. 'n Sertifiseringsdiensverskaffer wie se waarmerkingsprodukte of dienste geakkrediteer is, moet –

(a) in 'n databasis met openbare toegang die volgende bekend maak:

(i) sy sertifikaat wat die openbare sleutel bevat wat ooreenstem met die private sleutel wat deur daardie sertifiseringsdiensverskaffer gebruik word om 'n ander sertifikaat digitaal te onderteken (waarna in hierdie artikel as die sertifiseringsdiensverskaffersertifikaat verwys word);

(ii) sy sertifikasiepraktykstaat en sertifikaatbeleid;

(iii) kennisgewing van die intrekking of opskorting van sy sertifiseringsdiensverskaffersertifikaat;

(iv) enige ander feit wat óf die betroubaarheid van 'n sertifikaat wat deur die sertifiseringsdiensverskaffer uitgereik is, óf die sertifiseringsdiensverskaffer se vermoë om sy dienste te lewer, wesenlik en nadelig raak; en

(v) al sy geakkrediteerde waarmerkingsprodukte en -dienste;

(b) 'n betroubare stelsel gebruik om sy dienste en funksies te verrig, insluitend die voortbring en bestuur van sy sleutels, die voortbring en bestuur van intekenaars se sleutels, die uitreiking, hernuwing, opskorting of intrekking van geakkrediteerde sertifikate, die instandhouding van sy bewaarplek en die publikasie van geakkrediteerde sertifikate;

(c) in geval van 'n voorval wat 'n sertifiseringsdiensverskaffer se betroubare stelsels soos bedoel in artikels 38(2)(a),(b), (c) en (d) van die Wet of sy sertifiseringsdiensverskaffersertifikaat wesenlik en nadelig raak, moet die sertifiseringsdiensverskaffer redelike pogings aanwend om enige persoon van wie dit bekend is of voorsien kan word dat hy of sy deur daardie voorval geraak sal word in kennis te stel, of optree in ooreenstemming met prosedures wat sodanige voorval reël en gespesifiseer word in sy sertifikasiepraktykstaat en sertifikaatbeleid;

(d) gedokumenteerde beleide, prosedures en praktyke ten opsigte van sy totale bedryfsomgewing ontwikkel, vestig, handhaaf en byhou;

(e) enige voorval wat sy betroubare stelsel in die algemeen wesenlik kan raak, aan die Akkreditasie-owerheid rapporteer;

(f) toesien dat al sy personeellede bekwame en geskikte mense is en die nodige kennis, tegniese kwalifikasies en vakkundigheid besit om hul pligte effektief uit te voer; en

(g) voldoen aan die Wet, hierdie Regulasies, die akkreditasie-ooreenkoms wat op hom van toepassing is en aan die riglyne of aanwysings uitgereik deur die Akkreditasie-owerheid.

Vereistes voor staking van besigheid

18 (1) 'n Sertifiseringsdiensverskaffer moet, voordat hy ophou om as sulks op te tree, aan die vereistes van die Wet en hierdie Regulasies, die akkreditasie-ooreenkoms en alle riglyne of aanwysings wat die Akkreditasie-owerheid mag uitreik, voldoen.

(2) 'n Sertifiseringsdiensverskaffer wat versuim om aan hierdie Regulasie te voldoen is, onderworpe aan die bepalings van die betrokke intekenaar se ooreenkoms of die gemenereg, aanspreeklik vir enige verlies of skade gely deur intekenaars of staatmakende partye.

Aanspreeklikheid van sertifiseringsdiensverskaffers

19. 'n Sertifiseringsdiensverskaffer is aanspreeklik vir enige skade gedoen aan enige entiteit of natuurlike persoon wat redelikerwys staatmaak op 'n sertifikaat wat deur die Akkreditasie-owerheid geakkrediteer is –

(a) ten opsigte van die akkuraatheid ten tye van die uitreiking van alle inligting in die sertifikaat vervat en die feit dat die sertifikaat al die voorgeskrewe besonderhede bevat;

(b) vir versekering dat die ondertekenaar wat in die sertifikaat geïdentifiseer is ten tye van die uitreiking van die sertifikaat die handtekeningskeppende data gehou het wat ooreenstem met die handtekeningverifiërende data wat in die sertifikaat verstrek of geïdentifiseer word;

(c) vir versekering dat die handtekeningskeppende data gehou en die handtekeningverifiërende data op komplementêre wyse gebruik kan word in gevalle waar die sertifiseringsdiensverskaffer beide voortbring;

(d) met betrekking tot die publikasie van kennisgewings van opskorting of intrekking in die bewaarplek wat in die sertifikaat vir die publikasie van opskortings- of intrekkingskennisgewings gespesifiseer word; en

(e) met betrekking tot dienste wat hy onderneem het om aan intekenaars te lewer,

tensy die sertifiseringsdiensverskaffer bewys dat hy nie nalatig opgetree het nie.

Rekords gehou te word

20 (1) Vir die doeleindes van artikel 38(4)(f) van die Wet moet die volgende rekords vir 'n tydperk van 7 jaar of vir die tydperk wat die Akkreditasie-owerheid mag bepaal, gehou word:

(a) Aansoeke om uitreiking van sertifikate;

(b) registrasie en verifiëringsdokumente van sertifikate wat voortgebring is;

(c) sertifikate op so 'n wyse dat –

(i) niemand behalwe partye daartoe gemagtig veranderings daaraan of toevoeging daartoe kan maak nie;

(ii) dit moontlik is om te verifieer dat die inligting korrek is;

(iii) die sertifikaat slegs vir die publiek beskikbaar is indien die ondertekenaar uitdruklik daartoe instem;

(d) inligting oor opgeskorte sertifikate;

(e) inligting oor verstreke en ingetrekte sertifikate;

(f) betroubare rekords en logboeke vir kernwerksaamhede van die sertifiseringsdiensverskaffer, welke werksaamhede sertifikaatbestuur, sleutelvoortbringing en administrasie van sy rekenaarfasiliteite insluit.

(2) 'n Geakkrediteerde waarmerkingsdiensverskaffer moet sy bewaarplek op so 'n wyse in stand hou dat intekenaars en staatmakende partye geredelik toegang daartoe het.

(3) Alle rekords moet op so 'n wyse bewaar word dat die sekerheid, integriteit en toeganklikheid van die inligting en rekords vir die herwinning en inspeksie daarvan verseker is.

(4) Alle geargiveerde rekords mag herteken word om hul integriteit en betroubaarheid te beskerm in die geval van tegnologiese vooruitgang wat die mate waarin daar op die oorspronklike rekords gesteun kan word, kan affekteer.

Opskorting en intrekking van sertifikate

21 (1) Tensy 'n sertifiseringsdiensverskaffer en 'n intekenaar anders ooreenkom, moet die sertifiseringsdiensverskaffer 'n sertifikaat so gou moontlik opskort nadat 'n versoek ontvang is van 'n persoon van wie die sertifiseringsdiensverskaffer redelikerwys meen dat hy of sy –

(a) die intekenaar is wat in die sertifikaat gemeld word;

(b) 'n persoon is wat behoorlik gemagtig is om vir daardie intekenaar op te tree;

(c) 'n persoon is wat namens daardie intekenaar optree wat nie beskikbaar is nie.

(2) Die sertifiseringsdiensverskaffer moet 'n sertifikaat intrek wat hy uitgereik het –

(a) na ontvangs van 'n intrekkingsversoek van die intekenaar in die sertifikaat gemeld en wat bevestig dat die persoon wat die intrekking versoek, die intekenaar is of 'n agent van die intekenaar met magtiging om die intrekking aan te vra;

(b) na ontvangs van 'n gewaarmerkte afskrif van die intekenaar se doodsertifikaat, of na bevestiging deur middel van ander bewysmateriaal dat die intekenaar oorlede is; of

(c) by aanbieding van dokumente dat 'n intekenaar wat 'n regspersoon is, gelikwideer of gederegistreer is.

(3) 'n Sertifiseringsdiensverskaffer moet 'n sertifikaat intrek, met of sonder toestemming van die intekenaar in die sertifikaat gemeld, indien –

(a) 'n wesenlike feit in die sertifikaat weergegee vals is;

(b) 'n vereiste vir die uitreiking van die sertifikaat nie nagekom is nie;

(c) die sertifiseringsdiensverskaffer se private sleutel of betroubare stelsel op 'n wyse gekompromitteer is wat die betroubaarheid van die sertifikaat wesenlik raak; of

(d) 'n intekenaar 'n ooreenkoms met die sertifiseringsdiensverskaffer verbreek het.

(4) Wanneer 'n intrekking soos bedoel in subregulasie (3) gedoen word, moet die sertifiseringsdiensverskaffer die intekenaar in die ingetrekte sertifikaat

gemeld onmiddellik in kennis stel, indien moontlik en die intrekking in sy bewaarplek publiseer.

Publikasie van opskorting en intrekking van sertifikate

22. Binne 24 uur na opskorting of intrekking van 'n sertifikaat deur 'n sertifiseringsdiensverskaffer moet die sertifiseringsdiensverskaffer 'n getekende kennisgewing van die opskorting of intrekking in die bewaarplek wat in die sertifikaat vir die publikasie van kennisgewing van opskorting of intrekking gespesifiseer is, publiseer, en waar meer as een bewaarplek gespesifiseer is, moet die sertifiseringsdiensverskaffer getekende kennisgewings van die opskorting of intrekking in al daardie bewaarplekke publiseer.

HOOFSTUK IV
Opskorting, intrekking en beëindiging

Opskorting en intrekking

23 (1) Indien 'n waarmerkingsdiensverskaffer wie se waarmerkingsprodukte of -dienste geakkrediteer is –

(a) versuim of ophou om aan enigeen van die vereistes, voorwaardes of beperkings te voldoen onderworpe waaraan akkreditering kragtens artikel 38 van die Wet verleen of erkenning ingevolge artikel 40 van die Wet gegee is;

(b) **(i)** deur die Akkreditasie-owerheid ingelig is dat laasgenoemde van voorneme is om die waarmerkingsdiensverskaffer se akkreditasie op te skort of in te trek en redes of 'n beskrywing van die skending verstrek is;

(ii) deur die Akkreditasie-owerheid versoek is om die nie-voldoening of skending binne 'n redelike tyd reg te stel;

(iii) die geleentheid gegee is om binne 'n redelike tyd op die bewerings te reageer;

en versuim om óf skriftelik te reageer óf die skending binne die gespesifiseerde tyd reg te stel, kan die Akkreditasie-owerheid die akkreditasie van waarmerkingsprodukte of -dienste wat deur daardie nie-voldoening geaffekteer word, opskort of intrek.

(2) Voordat die akkreditasie van waarmerkingsprodukte of -dienste opgeskort of ingetrek word, moet die Akkreditasie-owerheid –

(a) die waarmerkingsdiensverskaffer skriftelik van sy besluit asook van die redes vir die besluit in kennis stel;

(b) 'n kennisgewing in sy databasis publiseer dat hy besig is om die akkreditasie van die betrokke waarmerkingsproduk of -diens in te trek;

(c) 'n Akkreditasiebeampte en 'n evalueerder aanstel om toesig te hou oor die detail van die afwikkeling van die diensverskaffer se geakkrediteerde werksaamhede;

(d) verseker dat die waarmerkingsdiensverskaffer die intrekking deur middel van die vinnigste moontlike medium aan die intekenaars en staatmakende partye meedeel;

(e) verseker dat die diensverskaffer alle geakkrediteerde waarmerkingsprodukte of –dienste wat aan sy gebruikers uitgereik is intrek en die wyse, tyd en datum van intrekking aanteken;

(f) verseker dat die Akkreditasiebeampte en die evalueerder elkeen 'n verslag uitreik ter sertifisering van nakoming van die voorgeskrewe intrekkingsproses;

(g) reëlings tref vir die behoud van rekords soos voorsien kragtens artikel 38(4)(f) van die Wet ooreenkomstig die bepaalde wyse en tydperk;

(h) in sy diskresie of op versoek intekenaars help om 'n alternatiewe verskaffer van waarmerkingsprodukte of -dienste te vind;

(i) verseker dat die intrekking met die minste ontwrigting vir intekenaars en ondersteunende partye uitgevoer word.

(3) Die Akkreditasie-owerheid moet alle opskortings en intrekkings in sy vir die publiek toeganklike databasis publiseer.

Prosedure na opskorting

24 (1) Nadat die Akkreditasie-owerheid akkreditasie opgeskort het, kan die Akkreditasie-owerheid –

(i) enige stappe doen wat nodig is om te bevestig of die waarmerkingsdiensverskaffer steeds in gebreke bly om aan enigeen van die vereistes, voorwaardes of beperkings onderworpe waaraan akkreditasie verleen of erkenning gegee is, te voldoen;

(ii) enige deel van die prosedure in artikel 39(2) van die Wet herhaal;

(iii) die waarmerkingsdiensverskaffer se vordering met die regstelling van die skending moniteer;

(iv) enige spesifieke versoek van die betrokke waarmerkingsdiensverskaffer oorweeg;

(v) sy opskortingsbesluit in heroorweging neem.

(2) Indien die skending van die vereistes, voorwaardes of beperkings onderworpe waaraan akkreditering verleen of erkenning gegee is langer as 'n tydperk van 30 dae na opskorting voortduur, kan die betrokke akkreditasie ingetrek word.

(3) Indien die skending van die vereistes, voorwaardes of beperkings onderworpe waaraan akkreditering verleen of erkenning gegee is, reggestel word, kan die Akkreditasie-owerheid die opskorting ophef en akkreditasie herstel.

(4) Die Akkreditasie-owerheid moet, wanneer 'n opgeskorte waarmerkingsproduk of –diens 'n ingetrekte waarmerkingsproduk of -diens word, of wanneer die opskorting van 'n waarmerkingsproduk of -diens opgehef word en die betrokke akkreditasie herstel word, sodanige inligting in sy vir die publiek toeganklike databasis publiseer.

Beëindiging

25 (1) 'n Waarmerkingsdiensverskaffer wie se waarmerkingsprodukte of -dienste geakkrediteer is, kan sodanige akkreditering te eniger tyd beëindig, onderworpe aan die Wet, hierdie Regulasies en die akkreditasie-ooreenkoms, met dien verstande dat die diensverskaffer –

(a) kennis van sy voorneme om sy werksaamhede te staak 90 dae voor die beëindiging van sy akkreditasie moet gee, of voordat hy ophou om as waarmerkingsdiensverskaffer op te tree;

(b) voor die beëindiging van sy akkreditasie, of voordat hy ophou om as waarmerkingsdiensverskaffer op te tree, na gelang van die geval, die voorneme in die dagpers en op die wyse wat die Akkreditasie-owerheid mag bepaal, moet adverteer;

(c) 60 dae kennis van sy voorneme om op te hou om as waarmerkingsdiensverskaffer op te tree aan sy intekenaars en aan houers van elke oningetrekte of onverstreke sertifikaat wat hy uitgereik het, moet gee, deur die kennisgewing per elektroniese en per geregistreerde pos te stuur;

(d) moet toesien dat die staking van sy aktiwitieite die minste moontlike ontwrigting vir sy intekenaars en vir persone wat sertifikate moet verifieer, veroorsaak;

(e) redelike vergoeding (nie meer as die koste om nuwe sertifikate te verkry nie) aan intekenaars moet betaal vir die intrekking van sertifikate voor die verstrykingsdatum;

(f) reëlings moet tref vir die behoud van rekords soos voorsien kragtens artikel 38(4)(f) van die Wet ooreenkomstig die bepaalde wyse en tydperk; en

(g) alle verstreke sertifikate vernietig na voldoening aan die vereistes van hierdie regulasie.

(2) Die Akkreditasie-owerheid moet die bepalings van subregulasies 23(2)(c), (d), (e), (f), (g) en (h) nakom wanneer hy kennis van beëindiging van 'n waarmerkingsdiensverskaffer ontvang.

Vereistes ten opsigte van inligtingsekerheid

26. Geakkrediteerde waarmerkingsdiensverskaffers moet 'n sekerheidsbeleid, wat ten minste moet voldoen aan relevante standaarde soos SABS/ISO 17799, nakom.

Evalueerder

27 (1) Die Akkreditasie-owerheid moet een of meer evalueerders aanstel wat periodieke oudits moet uitvoer van tegniese en ander voldoening deur waarmerkingsdiensverskaffers.

(2) Die gelde vir die dienste van 'n evalueerder word betaal deur die waarmerkingsdiensverskaffer ten opsigte van wie 'n oudit gedoen is.

(3) Die Akkreditasie-owerheid moet toesien dat 'n waarmerkingsdiensverskaffer voor die oudit skriftelik onderneem om vir die evalueerder se dienste te betaal.

(4) Die Akkreditasie-owerheid moet eers die tarief wat deur 'n evalueerder gevra word, goedkeur, welke tarief in die omstandighede redelik moet wees.

(5) Die goedgekeurde evalueerder moet die waarmerkingsdiensverskaffer of sy waarmerkingsprodukte of -dienste ouditeer in ooreenstemming met die Wet, hierdie Regulasies en die riglyne wat van tyd tot tyd deur die Akkreditasie-owerheid neergelê word.

(6) 'n Evalueerder wat 'n oudit uitvoer moet sy verslag binne vyf dae na voltooiing van die opdrag, of soos andersins ooreengekom, aan die Akkreditasie-owerheid voorlê.

(7) Voorts moet 'n evalueerder:

(a) toepaslike tegnieke aanwend;

(b) die betroubaarheid en kwaliteit evalueer van die gebruikte stelsels, die integriteit, vertroulikheid en beskikbaarheid van data asook die

voldoening aan die spesifikasies ingesluit in enige prosedurehandleiding en die sekerheidsplan goedgekeur deur die Akkreditasie-owerheid, wat ten minste moet voldoen aan relevante standaarde soos SABS/ISO 17799;

(c) vasstel of betroubare stelsels soos bedoel in artikel 38 gebruik word;

(d) in elke geval 'n verslag met bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings uitreik.

(8) Indien die Akkreditasie-owerheid dit verlang, moet die evalueerder voorts:

(a) die oudits opvolg om te bepaal of die waarmerkingsdiensverskaffer die regstellende stappe wat in die aanbevelings voorgestel is, gedoen het;

(b) bykomende verslae uitreik;

(c) deelneem aan gebeurlikheidsimulasies;

(d) bykomende afskrifte voorsien van alle verslae wat aan die Akkreditasie-owerheid uitgereik is.

Administrasie en kontrole

28. Akkreditasie verleen deur die Akkreditasie-owerheid is onderworpe aan die voorwaarde dat 'n waarmerkingsdiensverskaffer die Akkreditasie-owerheid of 'n evalueerder aangestel deur die Akkreditasie-owerheid, na gelang van die geval, tydens normale kantoorure vir ouditdoeleindes op sy perseel moet toelaat en op versoek enige relevante boek, rekord, stawende of ander dokument ter insae beskikbaar moet stel, alle inligting wat redelikerwys deur die Akkreditasie-owerheid of evalueerder aangevra word moet verstrek en al die bystand moet gee wat vir die oudit nodig is.

HOOFSTUK V
Algemeen

Gelde betaalbaar

29 (1) Die gelde wat betaal moet word deur waarmerkingsdiensverskaffers wat aansoek doen om akkreditasie of wie se waarmerkingsprodukte of -dienste geakkrediteer is, is soos volg:

(a) Aansoekgeld: R20, 000.00

(b) Jaarlikse akkreditasiegeld per produk of diens: R10, 000.00

(c) Prestasiewaarborg per produk of diens: R10, 000.00

(2) Gelde betaalbaar aan die Akkreditasie-owerheid moet direk in die Departement se bankrekening inbetaal word, en bewys van betaling moet aan die Akkreditasie-owerheid voorsien word.

(3) Geen gelde is terugbetaalbaar nie, behalwe die prestasiewaarborg.

(4) Die Akkreditasie-owerheid kan die prestasiewaarborg gebruik indien die geakkrediteerde waarmerkingsdiensverskaffer in gebreke bly om enige gelde wat ingevolge die Wet of hierdie Regulasies verskuldig is, te betaal.

(5) Behoudens die eerste jaarlikse akkreditasiegeld, wat by akkreditasie betaalbaar is, is die jaarlikse akkreditasiegeld voor of op 31 Januarie van elke jaar betaalbaar.

Kort titel

30. Hierdie regulasies sal bekendstaan as die Akkreditasieregulasies en kom in werking op 'n datum deur die Minister gepubliseer deur kennisgewing in die Staatskoerant.